EERSTE SITTINGSDAG

WOENSDAG 26 NOVEMBER 2014
OGGENDSITTING

1. OPENING

1.1 Die afgevaardigde leraars en kerkraadslede vergader in die konferensiesentrum by die Willows vakansieoord en konferensiesentrum te Port Elizabeth.
1.2 Die Sinode sing LB 159.
1.3 Di Eldré Bester en Mynhardt van Zyl lees Psalm 1.
1.4 Die Sinode sing LB 163.
1.5 Die Sinode sê staande saam die Geloofsverklaring van die Oos-Kaap responsories o.l.v. dr Chris van Wyk op, waarna hy 'n gebed doen.
1.6 Die Sinode sing LB 464, die Oos-Kaapse Sinodelied en LB 442 staande saam.

2. KONSTITUERING (B2)

LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

Die gemeentes word in alfabetiese volgorde en daarna ontstaansdatum gelys.

1. ABERDEEN (1855)
Ds AJ Beyers
Oudl D van der Westhuizen

2. ADELAIDE (1890)
Ds PCPA Odendaal
Oudl MG Human

3. ALBANIE (1831)
Ds FS de Jager (Donderdag ter vergadering)

4. ALEXANDRIA (1854)
Ds WD Schoeman
*Oudl CA Scholtz

5. ALGOAPARK (1953)
Ds MH Langenhoven
*Oudl EJ Langenhoven

6. ALGOAPARK-GEMEENSKAPSKERK (1959)
*Ds E Bester
Oudl A Louwrens

7. ALIWAL-NOORD (1852)
Ds JA Theron
Oudl GDP Hamman
Oudl IA van Jaarsveld

8. BARKLY-OOS (1873)
Dr JGM Richter
Oudl JSJ Jordaan

9. BOTHASRUS (1941)
Ds PP Kuhn
*Oudl A Fourie

10. BUFFELSRIVIER (1962)
Ds JH Kleynhans
Oudl WJ Malan

11. BURGERSDORP (1846)
Ds FJ Greeff
Oudl BR Coetzee

12. CAMBRIDGE (1952)
Ds ALR Fraenkel
Oudl B de Kock

13. CATHCART (1907)
-

14. COLESBERG (1826)
Ds JN Taljaard
Oudl GA Heunis

15. CRADOCK (1818)
Ds C Slabbert

Oudl HHJ van Zyl

16. CRADOCK-NOORD (1966)
Ds A van Wyk
Oudl FC Cloete

17. CRADOCK-OOS (1951)
Ds EGJdeG Schutte
*Ds R Jordaan
Oudl DJA Smeda
Oudl WCJ Bezuidenhout

18. DESPATCH-DAGBREEK (1984)
Ds CJ van der Westhuizen
Oudl RP Stander

19. DESPATCH-EENDRAG (1965)
Ds AHG Lötter

20. DESPATCH-NOORD (1976)
Ds DW O'Kennedy
Oudl AJ Bezuidenhout

21. DESPATCH-SUID (1969)
Ds H Vermaak
Oudl M Victor

22. DIAS (1981)
Ds NJ Du Toit
Oudl (dr) DH Meiring

23. DORDRECHT (1857)
Teologiese Student J Orsmond (waarnemer)
Oudl AA Myburg

24. ELLIOT (1890)
Ds DC Thomas
Oudl IJ Botha

25. FORT BEAUFORT (1949)
Ds JM Wolmarans
*Oudl JL Van der Merwe

26. GAMTOOSVALLEI (1944)
Ds J van der Merwe

27. GAMTOOSVALLEI-OOS (1958)
Ds S Sass
Oudl PJ Louw

28. GLEN LYNDEN (1829)
Ds ST Malan
Oudl (ds) PN van der Westhuizen

29. GONUBIE (1986)
Ds JJ Pretorius
*Ds Q le Roux-Weitsz
*Oudl O du Preez
*Oudl MM Sparg

30. GRAAFF-REINET (1792)
Ds JWE Esterhuysen
Oudl JG Neuhoff

31. GRASVOËLKOP (1978)
Ds CP Crouse
Oudl P-L Venter

32. HOFMEYR (1876)
Oudl SJ Smit
Oudl WF van Heerden

33. HUMANSDORP (1849)
Ds DF Oelofse
*Oudl M Strydom
*Oudl A van Onselen
Diak JV Vermaak

34. HUMANSDORP-OOS (1976)
Ds SJ de Jager
Oudl JT Mulder

35. INDWE (1906)
Oudl HW Stapelberg
Oudl PFC Stötter

36. JAMESTOWN (1891)
Oudl J van Pletzen
Oudl CJ Bekker

37. JANSENVILLE (1855)
Ds BJ Piek
Oudl JJ Bester

38. JEFFREYSBAAI (1969)
Ds EP de Kock
Dr WJH de Koker
Ds D Higgs
Ds JG Steenkamp
Ds GJA van Niekerk
*Ds JA van der Westhuizen
Oudl G Scheepers
Oudl J Schamrel
*Oudl L Schamrel
Oudl NJ Grobler

39. JOUBERTINA (1907)
Dr A Oosthuizen
Oudl T Strydom

40. KAREEDOUW (1906)
Dr J Bohnen
Oudl JH Vermaak

41. KENSINGTON (1945)
*Oudl V Westraadt

42. KING WILLIAM'S TOWN (1912)
Ds PG Nel
Oudl J Badenhorst

43. KLIPPLAAT (1944)
-

44. KRAGGAKAMMA (1973)
Ds MG van Rooyen
Oudl PJ Rootman

45. LADY GREY (1862)
Ds CS du Plessis
Oudl JHJA Hattingh

46. LOERIE (1938)
Ds JJ Louw
Oudl SJ Gerber

47. MACLEAR (1916)
Ds JWJ van Rensburg
Oudl NJ Botha

48. MIDDELBURG-KAROO (1852)
Ds RJ du Plooy
Oudl GFJ Potgieter

49. MISGUND (1950)
Ds J Vosloo
Oudl O Crous

50. MOLTENO (1881)
Ds DH Davel
Oudl GJ de Bruyn

51. MTHATHA (1890)
Oudl CJH Steinberg

52. MURRAYSBURG (1855)
Ds AJ Louwrens
Oudl JH Swanepoel

53. NAHOON (1960)
Ds R van der Mescht

54. NEWTONPARK (1953)
Ds CH van Heerden
Oudl PC Notley

55. NIEU-BETHESDA (1878)
Oudl WAS Olivier

56. NOUPOORT (1944)
Ds JS Botes
*Diak A van Huyssteen

57. NUWEKERK (GRAAFF-REINET) (1927)
Ds CJ Truter
Oudl JT van Loggerenberg

58. OOS-LONDEN (1905)
Ds J Labuschagne
Ds NW Bezuidenhout
Oudl J Marais
Oudl JS Rheeder

59. OOS-LONDEN-NOORD (1946)
Ds PL Moolman
Oudl JC Davel

60. OOS-LONDEN-WESHEUWELS (1971)
Ds WP Petzer
Oudl C Botha

61. PARKHEUWEL (1955)
Ds FJ Nel

62. PATERSON (1906)
Ds EH Steyn
*Diak H Nel

63. PATMOS (1962)
Ds AJ Crous
Oudl P Green

64. PEARSTON (1859)
Ds FA Burger
Oudl PL Moolman

65. PORT ELIZABETH (MOEDERGEMEENTE) (1907)
Ds TL Wait
Oudl JJ Koen

66. PORT ELIZABETH-DE DUIN (1963)
Oudl FE Potgieter
Oudl PPJ Jacobs

67. PORT ELIZABETH-HEIDEVELD (1982)
Ds D van Rooyen
Ds WCJ Fourie

68. PORT ELIZABETH-HOOGLAND (1972)
Ds E Malan
Oudl RD Geel
Oudl CJ van den Heever

69. PORT ELIZABETH-LORRAINE (1976)
Dr A Oliphant
Ds PG Loubser
Ds MP van Zyl
*Oudl (prop) B-M Swarts
Oudl RJF van Niekerk
Oudl P Hauman

70. PORT ELIZABETH-NOOITGEDACHT (1959)
Dr JP Cloete
*Oudl L Kriek

71. PORT ELIZABETH-NOORD (1933)
Ds JS Marais
Oudl AF Potgieter

72. PORT ELIZABETH-OOS (1952)
Ds B Peters
Oudl BA Cowie

73. PORT ELIZABETH-SENTRAAL ANCHOR OF HOPE (1924)
Ds GJ Noeth
Oudl P Funkwa

74. PORT ELIZABETH-SHERWOOD (1987)
Ds A van Jaarsveld
Ds RM van Tonder
Ds DW Mouton
*Oudl N Visser
*Oudl AA van der Ryst

75. PORT ELIZABETH-SIONSRAND (1970)
Ds JC Coetzee
Oudl GJB Pienaar

76. PORT ELIZABETH-SONHEUWELS (1964)
Ds D van Staden
*Oudl SE Vosloo

77. PORT ELIZABETH-WES (1940)
Ds JP Kampman
Oudl L Diedericks

78. QUEENSTOWN (1854)
Ds AC Vlok
*Ds MM Els
Oudl JD Rossouw
Oudl LJ Barnes

79. RETIEF (1958)
Ds FE Marais (Sluit Donderdag by die vergadering aan)
Oudl M Minnie
Oudl AJ Botha (Slegs Donderdag ter vergadering)

80. RIETBRON (1913)
Ds J Mostert
Oudl DR Jansen van Vuuren

81. SOMERSET-OOS (1825)
Ds CJ du Raan
*Ds Jl Janse van Vuren
Oudl C van Gend
Oudl IZ Jordaan

82. SOMERSTRAND (1983)
Dr ACV van Wyk
*Ds M van Niekerk
*Oudl C Veldsman
*Oudl A Slazus

83. SONDAGSRIVIER (1918)
Ds PB Swanevelder
*Oudl A Swanevelder
Oudl A Olivier

84. SONDAGSRIVIERMOND (2008)
Oudl (ds) A Griebenow
**Oudl DJ van Vuuren*

85. SONDAGSRIVIER-SUID (1938)
Ds JH Enslin
**Diakl AC Prinsloo*

86. STERKSTROOM (1891)
Oudl M Jordaan
Oudl H Froneman

87. STEYNSBURG (1875)
Oudl C Myburgh

88. STEYTLERVILLE (1876)
Ds EC Fourie
Oudl A Deyzel

89. STUTTERHEIM (1948)
Ds DO Strydom
*Oudl A Rossouw

90. SWARTKOPSRIVIER (1976)
Oudl JG van der Westhuizen

91. SYDENHAM (PORT ELIZABETH) (1946)
Oudl (ds) JJ van Wyk
Oudl I Hendriks

92. TARKASTAD (1863)
Ds L Viviers
Oudl H Vigne

93. TSITSIKAMMA (1944)
Ds W van der Merwe
Oudl E Kolesky

94. UGIE (1903)
*Oudl I Bekker

95. UITENHAGE (1817)
-

96. UITENHAGE-DE MIST (1950)
Ds CJ Stümke

97. UITENHAGE-NOORD (1950)
Ds TJ van Schoor
Ds CJ Weyers
Oudl DR Thirion
*Oudl MA Oosthuizen

98. UITENHAGE-OOS (1950)
Ds JJD Nel
Ds JPL van Straaten
Oudl E Kapp

99. UITENHAGE-WINTERHOEK (1971)
Ds HJ Meyer
Oudl D Louw

100. VANSTADENSRIVIER (1966)
Ds M Lourens
Oudl P Vermaak
Oudl DG Saayman

101. VENTERSTAD (1882)
Oudl PA Marais
Oudl IW Deschamps

102. WALMER (1929)
Ds C Coetzee
Oudl CJ de Jager

103. WATERFORD (1919)
-

104. WILLOWMORE (1864)
Ds JJ van Eyssen
Oudl MJ Nolte

3. ONTWERP EN ORDEREËLINGS (A2, B1, B3)

3.1 Verslag A2: Ontwerp en ordereëlings (p. 2)
Goedgekeur
3.2 Bylaag B1 (p.5)
Kennis geneem
3.3 Bylaag B.3 (p. 11)
Goedgekeur

4. GESPREK: 'N VRIENDEKRING WAT SAAM GROEI

4.1 Bylaag B4: Gesprek as vriendekring wat saam groei (p. 12)
4.1.1 Die afgevaardigdes voer gesprek rondom die tafels oor ons reis deur na die Bybel te luister, gebeure in ons lewens en die gemeenskap te deel en te hoor waarmee God besig is.
4.1.2 Terugvoer hieroor vanaf die sinodevloer word verkry.
4.1.3 Twee persone aan elke tafel doen voorbidding vir die vergadering.

5. GROETEBOODSKAP

5.1 Die voorsitter verwelkom prof Nelus Niemandt, moderator van die vorige Algemene Sinode en stel hom aan die woord.
5.2 Prof. Niemandt dra die groeteboodskap van die Algemene Sinode aan die Sinode oor.
5.3 Op versoek reflekteer prof. Niemandt ook oor die terugvoer van die geestelike gesprek om die tafels (vergelyk pt. 4.1.2).

6. AFKONDIGINGS

6.1 Die skriba hanteer enkele afkondigings.
6.2 Dr André Oosthuizen bied verskoning vir sy afwesigheid aan vanaf 12:30.

7. MIDDAGETE

7.1 Ds Jasper Louw doen ’n tafelgebed. Die Sinode verdaag vir middagete.

WOENSDAG 26 NOVEMBER 2014
EERSTE MIDDAGSITTING

8. SANG

8.1 Die Sinode sing LB 471.

9. WYSIGING VAN KERKORDE ARTIKEL 1 (B5, B6, B7)

9.1 Die voorsitter lewer 'n inset rondom die pad tot op hede met die Belydenis van Belhar. Hy lê klem op die ruimte wat die voorgestelde artikel vir almal bied. Die Oos-Kaaplandse sinode het reeds in 2012 'n besluit geneem dat die Belydenis van Belhar ‘n geskenk uit God se hand is vir ons stukkende land.
9.1.1 In 1998 het die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie.
9.1.2 Die 2011 Algemene Sinode het besluit om die Belydenis van Belhar op 'n kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenis grondslag te maak.
9.1.3 Hierdie Sinodesitting is deel van die proses om hieroor 'n besluit te neem. Die voorstel van die Algemene Sinode rondom Artikel 1 se doel is om almal saam te neem en vir almal ruimte te gee, beide die wat die Belydenis van Belhar as belydenis aanvaar sowel as die wat dit nie aanvaar as belydenis nie.
9.1.4 Bylaag B6 wys die prosedure uit waarvolgens die besluit geneem moet word.

9.2 Reglement 24, Kerkorde Algemene Sinode 2013 (Bylaag B6, p. 14)
Kennis geneem

9.3 Belydenis van Belhar met Begeleidende Brief (Bylaag B7, p. 15)
Kennis geneem

9.4 Bestaande en Voorgestelde Artikel 1 (Bylaag B5, p. 13)
9.4.1 Tafelgesprek volg rondom die voorgestelde Kerkorde Artikel 1.
9.4.2 Bespreking word daarna in die groot vergadering gevoer rondom die aanvaarding al dan nie van die voorgestelde Artikel 1.

10. AFKONDIGINGS

10.1 Ds Ampie en Annamarie Swanevelder verkry verlof vir die Donderdagsitting as gevolg van 'n begrafnis.

11. VERVERSINGS

Die vergadering verdaag vir verversings.

WOENSDAG 26 NOVEMBER 2014
TWEEDE MIDDAGSITTING

12. SANG

12.1 Die Sinode sing LB 284.

13. WYSIGING VAN KERKORDE ARTIKEL 1 (B7) (VERVOLG)

13.1 Bestaande en Voorgestelde Artikel 1 (Vervolg) (Bylaag B5, p. 13)
13.1 Die bespreking op die sinodevloer oor die voorgestelde Kerkorde Artikel 1 word voortgesit.
13.2 Net voordat die sinode tot stemming oorgaan, doen een afgevaardigde per tafel voorbidding vir die besluit oor die voorgestelde Kerkorde Artikel 1.
13.3 Die Sinode stem per geslote stembrief oor die voorgestelde Kerkorde Artikel 1.

14. POUSE

14.1 Die moderator verdaag die vergadering vir 'n paar oomblikke terwyl die stemtellers die stembriewe tel.

15. WYSIGING VAN KERKORDE ARTIKEL 1 (B7) (VERVOLG)

15.1 Bestaande en Voorgestelde Artikel 1 (Vervolg) (Bylaag B5, p. 13)
15.1.1 Die uitslag van die stemming word bekendgemaak. Die Sinode besluit met 156 teen 65 stemme (meer as die vereiste tweederde meerderheid) ten gunste van die voorgestelde Kerkorde Artikel 1.
15.1.2 Ds Steven Sass teken sy teenstem teen die voorgestelde Kerkorde Artikel 1 aan.

16. SINODALE DANKOFFERS EN DIE BEFONDSING VAN DIE SINODALE BEDIENING (B8, B9)

16.1 Verslag van die Deskundige Lid vir Finansies: Finansiële jaar 2013-14 (Bylaag B8, p. 19)
16.1.1 Ds Danie Mouton, Direkteur Sinode, lig die verslag van die Deskundige Lid kortliks toe.
16.1.2 Die vergadering **neem kennis** van die verslag.

16.2 Sinodale Dankoffers (Bylaag B9, p. 22)
16.2.1 Ds Danie Mouton, Direkteur Sinode, lig Bylaag B9 toe aan die hand van 'n PowerPoint-aanbieding.
16.1.2 Geleentheid word gegee vir bespreking om die tafels en daarna spreekbeurte op die sinodevloer.

17. AANDETE

17.1 Die Sinode verdaag vir aandete.

WOENSDAG 26 NOVEMBER 2014
AANDSITTING

18. SANG

Die vergadering sing Flam lied 22.

20. SINODALE DANKOFFERS EN DIE BEFONDSING VAN DIE SINODALE BEDIENING (B9) (VERVOLG)

20.1 Sinodale Dankoffers (Vervolg) (Bylaag B9, p. 22)
20.1.1 Mnr Paul Louw, ‘n lid van die Sinodale Fondsekommissie en 'n beleggingskundige, sluit by die vergadering aan.
20.1.2 Die vergadering gaan voort om die finansiële verslag en voorstel op die sinodevloer te bespreek nadat ds Danie Mouton van die vroeëre vrae beantwoord het.

20.2 Stemming:

AANBEVELING:

Bylaag B9: Sinodale Dankoffers en die Befondsing van die Sinodale Bediening (p. 29)

14.1 Die Sinode neem kennis dat:

14.1.1 die bestaande finansieringsmodel van die sinode nie voldoende fondse beskikbaar stel om die geestelike visie van die sinode te laat realiseer nie.
14.1.2 die 1.2% wat op die werklike inkomste van gemeentes gehef word, onvoldoende is om die gemeentes se verantwoordelikheid teenoor die Algemene Sinode en die Argiefdienste na te kom, en by te dra tot die sinodale infrastruktuur.
14.1.3 die Sinode tans te swaar steun op beleggingsinkomste, wat beteken dat die beleggings oor 25 jaar prakties uitgeput sal wees. Indien die gemeentelike bydrae nie nou aangepas word om die beleggingsbronne te beskerm nie, sal daar toekomstig 'n proporsioneel baie groter finansiële las op gemeentes geplaas word.
14.1.4 die meeste ringe by die padberade in 2014 konsensus bereik het dat 'n styging in die dankofferkoers behoort plaas te vind.

14.2 Die Sinodale Kommissie beveel by die Sinode aan dat:

14.2.1 'n bykomende 0.1% elke jaar, vir die volgende drie finansiële jare, by die heffing vir sinodale dankoffers gevoeg word. Die dankofferkoers styg dus oor 'n periode van drie jaar tot 1.5%.
14.2.2 Die bykomende heffing word gebruik om gemeentes se verantwoordelikheid in die verband te finansier.
GOEDGEKEUR

20.3 Die aanbeveling uit Bylaag B9 word goedgekeur.

21. AFKONDIGINGS

21.1 Ds Wiekus van Straaten bied verskoning aan vir sy afwesigheid tydens die aandsitting weens hospitaalbesoek.
21.2 Ds Mouton doen enkele afkondigings.

Die voorsitter sluit die vergadering met gebed waarna Lied 562 saam gesing word.

TWEEDE SITTINGSDAG

DONDERDAG 27 NOVEMBER 2014
EERSTE OGGENDSITTING

22. DAGWYDING EN PERSONEEL

22.1 Die Sinode sing Vroeg in die more, I lift my voice en LB 345 staande.
22.2 Ds Mynhardt van Zyl lees Psalm 1.
22.3 Die Sinode sing Flam 87 sittend.
22.4 Ds Eldré Bester doen 'n gebed en lei die Sinode aan die hand van Wandel-in-die-Woord deur Psalm 1.
22.5 PERSONEEL
22.5.1 Oudl Anton Botha neem die plek van oudl Marius Minnie ter vergadering in.
22.5.2 Ds FS de Jager sluit by die vergadering aan.

23. #IMAGINE

24.1 Ds Johan Steenkamp stel #imagine, wat DV 10 tot 12 April 2015 ook te Jeffreysbaai gehou word, aan die Sinode bekend.

24.2 'n Video-insetsel oor #imagine word aan die Sinode vertoon.
24.3 'n DVD hieroor word aan afgevaardigdes beskikbaar gestel om in hul gemeentes te vertoon.
24.4 Ds Steenkamp doen 'n beroep op afgevaardigdes om die projek finansieel te ondersteun en te promoveer.

24. EERSTEJAARSKAMP

24.1 Ds Rethie van Niekerk stel die Eerstejaarskamp van die NG Gemeente Somerstrand (20 tot 23 Januarie 2015) aan die Sinode bekend en vertoon 'n video-insetsel daaroor.
24.2 Sy rig 'n versoek tot afgevaardigdes om die kamp so wyd moontlik te promoveer.

25. TOERUSTING EN BEPLANNING VIR DIE STEMPROSEDURE IN GEMEENTES

25.1 Prosesbundel vir gebruik deur kerkrade en ringe
25.1.1 Die voorsitter, dr Chris van Wyk, stel die prosesbundel aan die orde en behandel die inhoud met die vergadering.
25.1.2 Afgevaardigdes kry geleentheid om vrae te vra, kommentaar te lewer en praktiese wenke aan die hand te doen.

26. AFKONDIGINGS

26.1 Ds Danie Mouton tref reëlings waar die onderskeie ringe na die verdaging vergader en wanneer die sinodevergadering hervat.

27. VERVERSINGS

27.1 Die Sinode verdaag vir verversings.

28. RINGSVERGADERINGS

28.1 Die ringe van die sinodale gebied vergader elkeen afsonderlik om die stemprosedure in hulle gebied te beplan.

DONDERDAG 27 NOVEMBER 2014
TWEEDE OGGENDSITTING

29. TOERUSTING EN BEPLANNING VIR DIE STEMPROSEDURE IN GEMEENTES (VERVOLG)

29.1 Die gesprek rondom die stemprosedure word voortgesit.
29.2 Geleentheid word vir ringsvoorsitters gegee om terugvoer vanuit hul onderskeie ringe hieroor te gee.
29.3 Predikante wie vir die eerste keer die Sinode bywoon word verwelkom en predikante wat vir die laaste keer dit bywoon word bedank.
29.4 Die moderator gee geleentheid vir groepsbespreking en gebed.

30. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE

30.1 Die handelinge van die eerste sittingsdag van die buitengewone sinodale vergadering gehou op 26 en 27 November 2014 word met enkele korreksies goedgekeur.

31. BEDANKINGS

31.1 Die moderator doen enkele dankbetuigings.
31.2 Die assessor bedank die moderator vir sy leiding.

32. AFSLUITING

32.1 Ds Attie van Wyk doen ’n gebed.
32.2 Die Sinode sing LB 286 sittend saam.
32.3 Ds Mynhardt van Zyl lees Psalm 1 en ds Eldré Bester Matteus 5:3-10 en 16 voor.
32.4 Die Sinode sê die Ons Vader-gebed biddend op en sing daarna Vonkk 39 en die Oos-Kaaplandse Sinodelied.
32.5 Die vergadering verdaag.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van 4, 5 Februarie 2015

Voorsitter: Dr ACV van Wyk

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: